# SPORE van VERRAAD

**SAHARA-REEKS**

DEUR

## Meiring Fouché

'N OORSPRONKLIKE VERHAAL VAN 'N AFRIKANER
IN DIE FRANSE VREEMDELEGIOEN



Toe die eensame man slingerend oor die Saharasand na die afgeleeë fort aangestrompel gekom het, het niemand kon dink hoeveel onheil hy met hom saambring nie . . .

Toe die Franse generaals in Tunisië teen hul eie opperbevel in opstand gekom het, was daar onsekerheid en chaos in baie leërposte in die Sahara. Die afgeleeë Fort Murat het hierdie onsekerheid en vertwyfeling ook nie vrygespring nie.

Toe daar dus iemand opdaag met sy eie duistere planne, het hy 'n vrugbare aarde gevind waarin hy sy saad van onheil kon saai.

Maar hy het nie met Teuns Stegmann en sy vindingryke vriende rekening gehou nie . . .

## INHOUD


| *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|
| 1. Man van Nêrens ... ... ... ... | 5 |
| 2. Verrassing vir Camus ... ... ... | 14 |
| 3. Agterdog ... ... ... ... ... | 23 |
| 4. Episode van die Spore ... ... ... | 32 |
| 5. Geheim van die Poort ... ... ... | 46 |
| 6. In die Wapenkamer ... ... ... | 57 |
| 7. Ontsluier die Geheim ... ... ... | 67 |
| 8. Set en Teenset ... ... ... ... | 77 |
| 9. Skote in die Nag ... ... ... | 88 |
| 10. Chaos in die Vierkant ... ... ... | 101 |


### Hoofstuk 1

## MAN VAN NÊRENS

FORT MURAT in die suidoostelike Sahara naby die grens van Libië is niks minder as 'n nes nie—of, altans, so dink die lang soldaat van die Franse Vreemdelegioen onderwyl hy nou met lang, afgemete treë heen en weer stap op die hoë mure van Fort Murat. Die sweet brand telkens in sy oë en die hitte is onbeskryflik, hoewel dit reeds naby sononder is.

Vir die eerste maal vandat hy in die Franse Vreemdelegioen is, voel hierdie groot blonde soldaat met sy kragtige liggaam, 'n wrok. Dit is omdat hy en 'n paar van sy intiemste vriende na hierdie uithoek gestuur is. Hy het wye ondervinding in die Franse Vreemdelegioen. Hy het al in allerhande ellendige plekke in die Sahara diens gedoen. Hy was al soveel male in Fort Laval wat deur Legioensoldate beskou word as die grootste nes in die hele Sahara.

Maar Fort Laval kan nog gaan. Hierdie Fort Murat is nog erger. Hierdie plek is soos 'n verdoemenis. Dit is so afgeleë dat 'n mens voel jy is hier van almal verlate, afgesny van die buitewêreld. Jy sit hier vasgekeer in die oneindige sandruimtes naby die grense van die Sahara en die oneindige westelike deel van Libië.

Toe Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner, 'n slag gaan

draai en weer op die muur teruggestap kom, wonder hy of dit nou waarlik nodig was dat hulle hom en 'n paar van sy vriende hier na Fort Murat gestuur het. Hulle was nog nooit hier nie, hoewel hulle almal al geruime tyd in die Franse Vreemdelegioen dien.

Die rede wat aangegee is waarom hulle na Fort Murat gestuur moes word, is omdat daar onsekerheid is oor die lojaliteit van die garnisoen. Dit het gebeur na aanleiding van die rebellie van die generaals in Algiers. Toe die rebellie in Algiers uitbreek, het daar bevel gekom dat sorg gedra moet word dat die garnisoene in die suidelike Sahara getrou moet bly aan die opperbevel van die Franse Vreemdelegioen. Toe het die Bevelhebber van Dini Salam, kolonel Le Clerq, vir Teuns en sy paar maats ontbied en hulle meegedeel dat hulle na Fort Murat moet gaan om die moreel van die lojale troepe te versterk en om te help as daar moeilikheid in die garnisoen ontstaan.

Uit die staanspoor, onmiddellik nadat die rebellie van die generaals begin het, was dit duidelik dat groot dele van die Franse Vreemdelegioen simpatie het met die drie generaals wat die Franse bewind in Algerië wou omver gooi.

Dit is alles goed en wel, dink Teuns, hier waar hy nou stap, maar die rebellie van die generaals het lank gelede reeds misluk. Dit is byna onmiddellik die nek ingeslaan. Die drie generaals het reeds voor die hof verskyn en hulle is gevonnis. Maar nog steeds is hy met sy maats hier in Fort Murat. Hy kry sommer 'n naar kol op sy maag toe hy daaraan dink dat hulle moontlik nog maande hier gehou sal word. Sy hele gees rebelleer teen die moontlikheid dat hulle langer in Fort Murat sal moet bly.



Hy hou nie van hierdie godverlate omgewing nie, hy hou nie van die afsondering hier nie, hy hou van die meeste manne van die garnisoen net niks en veral hou hy net niks van die bevelvoerder van die fort nie. Nog minder hou hy van die onderbevelhebber.

Hy weet nie wat dit is nie, maar die manne het in hom 'n weersin gewek. Dit is vir hom asof daar iets aan hulle skeel. Hulle is vir hom nie tipies van manne van die Franse Vreemdelegioen nie. Hy is gewoond aan manne soos kolonel Le Clerq en kaptein D'Arlan. Twee voorslag-kêrels in die Vreemdelegioen. Miskien is dit omdat hy gewoond is aan die persoonlikheid en die metodes van D'Arlan, dat die gebruike en optrede van kaptein René Camus, bevelvoerder van Fort Murat, hom so teen die bors stuit. En miskien is dit omdat hy so gewoond is aan die optrede van hulle ou sersant Catroux dat hy so min smoel het vir die plaaslike onderbevelhebber, luitenant Heidenfeldt, 'n lang skraal en hovaardige Duitser.

Teuns Stegmann kan nie help om te glimlag hier op die mure van Fort Murat toe hy daaraan dink wat hier sal gebeur as hier waarlik 'n ernstige aanval deur die Arabiere geloods moet word nie. In hierdie vesting is daar so 'n gees van traak-my-nie-agtigheid. Hier is selfs aanduidings van gebrek aan dissipline. Gebrek aan orde. Gebrek aan gesag. Soms weet 'n mens nie wie die bevelvoerder is nie—of dit kapt. Camus of luit. Heidenfeldt is nie. Dit is ook maklik te verstaan, want kapt. Camus is die meeste van die tyd in 'n toestand van ewige beskonkenheid. Dan is dit maar luit. Heidenfeldt wat sake op sy skouers neem.

Dit het Teuns al opgeval dat daar in die tyd vandat hy

en sy makkers hier aangekom het, nog nie 'n enkele patrollie uitgestuur is die woestyn in nie. Le Clerq beskou patrollies as die ore en die oë van enige Franse vesting. Maar blykbaar beskou kapt. Camus dit nie in daardie lig nie.

Dit is toe Teuns Stegmann kort by die volgende wag kom wat hom tegemoet stap, dat hy die man oor die woestyn sien uitstaar. Die wag wat hier na Teuns toe beweeg, is 'n kort Italianer wie se naam hy nie eens ken nie en in wie hy ook nie die minste belangstel nie. Die Italianer lyk vir hom soos 'n skurk. Moontlik is dit daarom dat hy hier in die garnisoen van Fort Murat beland het.

Hierdie is waarlik die uiteinde in die Sahara. Verder as Fort Murat kan 'n mens nie. Dit is seker die laaste wegkruipplek van allerhande skuim en misdadigers uit die meeste lande van Europa.

Teuns sien hoedat die Italianer sy hand voor sy oë hou en oor die sand uit staar. Fort Murat is geleë op 'n groot sandgelykte. Vir verdedigingsdoeleindes is die fort baie goed geleë, want daar is geen hoë duine naby die vesting nie. 'n Mens kan myle ver oor die oop sandgelyktes sien, sodat verrassende aanvalle deur vyandige magte feitlik onmoontlik is—dit wil sê, as die wagte op die mure van Fort Murat wakker genoeg is.

Die lang blonde Suid-Afrikaner draai hom om en kyk ook in die rigting waarin die Italianer staan. Daar kom 'n koue prikkeling deur sy warm liggaam want hy voel dat dit haas tyd is dat hy 'n bietjie afleiding kry in Fort Murat. Die manne is al so verveeld, hul humeur is al so gespanne dat daar net gisteraand 'n woeste bakleiery in



die slaapsaal was. Manne kan nie meer na mekaar kyk nie, dan wil hulle baklei. Daar was al amper 'n skietery hier in die vierkant van die vesting. Dit is haas tyd dat die manne van buite af 'n bietjie afleiding kry.

Teuns kyk uit oor die sand na waar die son sak. Die westerlug is diep rooi soos die bloed van baie beeste. En ver anderkant die gelykte is daar die plat horison.

Teuns sien onmiddellik wat die ander wag raakgesien het. Dit is 'n mens wat daar aankom oor die gelyk sandwoesteny wat weswaarts en noordwaarts van Fort Murat af wegstrek na die hart van die Sahara.

Die man wat daar aankom, kom half uit die noordweste. Dit is 'n eienaardige rigting, dink Teuns. Die volgende vesting van Fort Murat af lê half noordooswaarts. Uit die rigting waar die man nou kom, is daar ook skaars 'n karavaanroete.

Hy sit sy geweer voor hom neer en sy hande klem werktuiglik om die bajonet vas. Wat hy daar voor hom sien, is 'n eenvoudige verskynsel maar 'n verbasende verskynsel; dit besef hy goed. Dit is net een persoon wat daar oor die sand aankom.

Hiervandaan is dit duidelik dat die man heen en weer oor die sand slinger, dat hy met moeite aangestrompel kom en dat hy klaarblyklik reeds na aan die dood moet wees. Hy struikel en val 'n keer, sukkel weer op en slinger verder in die rigting van die fort.

„Dit lyk my ons kry 'n besoeker," sê die Italiaanse wag sinies en sonder die minste gevoel.

„Ja, dis 'n eienaardige besoeker," sê Teuns. „Een man uit die woestyn . . . Hoe verklaar jy dit? En dit nogal uit

die noordweste. Seker die mees onherbergsame deel hier in die omgewing van Fort Murat."

Die Italianer se twee wynbruin oë lag vir die lang Suid-Afrikaner. „Ek het lankal opgehou om die geheime van die Sahara te probeer verklaar," sê die Italianer.

Teuns hoor skaars wat die man sê. Iets besonders het hom getref. 'n Oomblik gelede het hy nie geweet wie daardie man kan wees nie. Sover hy geweet het, kon dit 'n Arabier wees, of 'n blanke swerwer wat sy pad in die woestyn verloor het of moontlik nog 'n Algerynse rebel wat op die een of ander manier in die Sahara verlore geraak het. Sy gedagtes het na alle kante toe uitgesteek om 'n denkbeeld te probeer vorm van wie dit kan wees wat uit hierdie rigting uit die eindeloosheid van die Sahara die afgeleë Fort Murat nader.

Maar nou weet hy wat se man daardie is.

Toe die man weer 'n slag geval het, het die sonlig hom op 'n bepaalde wyse getref. En dit het iets aan Teuns ontbloot wat hom so hard tref dat hy vinnig na die kant van die borswering stap, net asof hy daarvandaan beter kan sien. Maar hy weet dat wat hy gesien het, die waarheid is of, altans, dat sy oë hom nie bedrieg het nie.

Die stomme skepsel wat daar so aangesukkel kom, is 'n lid van die Franse Vreemdelegioen.

Teuns kan die wit *kepi* op sy kop uitmaak. Hy kan die witterige broek uitmaak en die donkerblou militêre baadjie. Ja, dit is 'n Legioenman daardie.

Die Italiaanse wag het dit ook raakgesien. Hy verskyn stil-stil hier langs Teuns.

„Dit is 'n Legioenman," sê Teuns.



„So sien ek," sê die Italianer. „Dalk nog een van die rebelle."

Teuns kyk skerp en sydelings na die Italianer maar die Italianer se swart gesig is heeltemal uitdrukkingloos. „Dalk is hy 'n vlugteling uit die magte van die rebelle-generaals," sê die Italianer spottend.

„Heel moontlik," sê Teuns ontwykend. „Heel moontlik."

Toe draai hy hom vinnig om en stap na die binnekant van die borswering waarvandaan hy kan afkyk op die binneplaas van Fort Murat. Die binneplaas is verlate. Die hitte daaronder is byna ondraaglik sodat al wat leef, onder dak is. Hy kyk af na die deur van die wagtekamer, toe bak hy sy hande voor sy mond en hy roep op sersant Rancoule, offisier van die wagte. Teuns moet tot drie maal toe roep voordat die teësinnige sersant Rancoule in die deur van die wagtekamer verskyn.

„Wat is dit, jou dierasie?" skreeu Rancoule van onder af. Want Rancoule glo daaraan dat daar net een manier is om jou gesag te handhaaf, en dit is om jou minderes te beledig en te vertrap.

Teuns kyk 'n oomblik venynig na die sersant wat wydsbeen daar staan, met sy kop skeef, sy oë nou teen die laaste lig van die son.

Toe roep hy na onder: „Daar is 'n man in die woestyn. Hy kom uit die noordweste aan. Hy is blykbaar baie uitgeput en hy is 'n lid van die Franse Vreemdelegioen."

Rancoule gaan aan die lag. „Ek dink jy het sonstraal," skreeu hy vir Teuns. „Jy sien gesigte en jy droom drome. Kyk nog 'n keer, kêrel. Dalk is dit die skaduwee van 'n aasvoël wat jy gesien het."

„Ek sê net daar is 'n man in die woestyn," antwoord Teuns en hierdie keer is daar drif in sy woorde. „En ek sê dit is 'n lid van die Franse Vreemdelegioen."

Rancoule draai kopskuddend om, gaan die wagtekamer binne en na 'n rukkie verskyn hy op die muur met 'n verkyker in sy hand. Hy gaan sit op die kant van die borswering en kyk uit oor die gelykte.

„*Mon Dieu*!" sê hy eindelik. „Dit is sowaar 'n man en dit is 'n lid van die Vreemdelegioen soos jy sê. Waar op aarde sou hy vandaan kom?"

„Ek het nie die vaagste benul nie," sê Teuns.

„Moontlik is dit een van die rebelle," sê die Italiaanse wag weer. „Dalk behoort hy aan die drie generaals."

Teuns merk op hoedat Rancoule lank en aandagtig na die Italianer kyk. Langer as wat nodig is. In sy oë is daar iets wat die Suid-Afrikaner glad nie kan kleinkry nie. Iets betekenisvol, iets wat nie heeltemal ontbloot is nie.

Rancoule draai sonder 'n woord om, gaan die trap af na die vierkant, en toe Teuns weer sien, stryk twee lede van die garnisoen, ten volle bewapen, by die oop poort van Fort Murat uit. Dit is nog iets wat Teuns hinder—die poort van Fort Murat staan feitlik altyd oop.

Hy sien hoedat die twee manskappe hulle oor die sand haas, hoe hulle die struikelende vreemdeling bereik en hoedat hulle hom help en hom feitlik na die fort toe sleep.

Dit begin reeds sterk skemer word toe hulle eindelik met die man by die poort inkom. Teuns kyk aandagtig na hom. Hy is 'n lang en indrukwekkende man in die volle uniform van 'n luitenant van die Franse Vreemdelegioen. Hy lyk tot die dood toe moeg. Dit lyk asof hy intens deur die dors geteister word. Sy bene wil maar elke keer onder



hom invou maar hy rus op die skouers van die twee manskappe wat hom ondersteun.

Teuns staan en kyk na die man totdat hulle met hom by 'n deur ingaan, blykbaar op pad na die bevelhebber se kwartier. Sersant Rancoule vergesel nou die man.

Die hele verskynsel is vir Teuns 'n diepe raaisel. 'n Luitenant van die Vreemdelegioen alleen in hierdie deel van die woestyn? En hoe het hy by Fort Murat uitgekom?

Asof die woestyn aan hom die verklaring moet gee, kyk hy weer weg in die rigting waaruit die man gekom het.

Dit is nog lig genoeg om ver te sien. Maar so ver as wat die oog kan reik, gewaar hy niks. Daardie deeltjie van die Sahara waar die man die eerste maal sy verskyning gemaak het, is nou weer doodstil, sonder die vaagste sweem van beweging. Dit lyk asof 'n groot sluier oor die woestyn neergesak het en alles weer uitwis. Al wat sigbaar is, is die donker streep spore van die vreemdeling en die twee manne wat hom na die fort gebring het.

Die aand sak oor Fort Murat toe. Twee aasvoëls wat slaapplek soek, draai daar voor die poort. Die Italianer, net soos die paar ander wagte op die mure, hervat hul dienste. Die onderbreking is voorlopig verby. Elkeen maak sy afleidings en elkeen het sy teorieë oor hoe dit moontlik is dat een lid van die vreemdelegioen by die haas onbereikbare Fort Murat aangekom het . . .

En toe Teuns Stegmann en die Italianer weer 'n slag bymekaar uitkom, steek die Italianer 'n oomblik vas en sê 'n vreemde ding: „Van die rebellie gepraat—aan watter kant is jy, *legionnaire*?"

Teuns kyk 'n oomblik stip in die ontwykende oë van hierdie man wat hom met so veel weersin vul. „Dit is